

NUWEJAARSPLANNE

deur Milanie Vosloo

Het jy die begeerte om vanjaar nader aan God te leef?

Neem jouself voor om vanjaar, ongeag jou besigweesprogram, elke dag tyd te máák om stil te word by jou Vader.

Besluit watter tyd van die dag (vroeg soggens wanneer jy vars is of saans wanneer jy rustig is) jou spesiale stiltetyd gaan hê en hou dan onwrikbaar by jou voorneme.

Bid veral dat die God sy wil aan jou bekend sal maak en dat jy in staat sal wees om Hom te volg. Weet dat, wanneer jy sy wil doen, jy 'n nuwe dimensie van uitdagings en hoogtepunte sal beleef.

Werk vir jouself 'n Bybellees-program uit en deel dit op in verteerbare gedeeltes. Dalk wil jy vanjaar die Nuwe Testament en bepaalde gedeeltes uit die Ou Testament bestudeer en dit jou eie maak.

Besluit om vanjaar ten minste een nuwe Bybelteks per week/maand te memoriseer. Plak dit op jou yskas, spieël of rekenaar ... en bind dit soos 'n halsband om jou hart.

Bid dat jou Vader aan jou 'n gesonde liefde vir jouself sal gee sodat jy jouself sal sien op die manier hoe Hy jou sien. Koester jouself dan met gesonde eiewaarde en doen dinge wat goed is vir jou siel, gees en liggaam.

Vra die Gees om aan jou te wys aan wie se lewe jy vanjaar 'n verskil kan maak. Dalk is dit iemand naby aan jou, maar moontlik wil Hy ook hê dat jy uit jou gemaksones sal beweeg en na mense buite jou onmiddellike kennis sal uitreik.

Onthou Jesus se woorde in Johannes 15:5: *“Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”*

Liewe Lidmaat: Gaan leef vanjaar met die een groot Nuwejaarsvoorneme: om meer en meer soos Jesus te word en te wees – Ds Leon Tait



Bly in kontak met die beheertoring en geniet die vlug in 2013

Om te vlieg bly 'n asemrowende ervaring, maar kan ook soms angswekkend wees. Vra maar vir die jong vlieënier wat solo gevlieg het kort nadat hy sy lisensie gekry het. Hy was pas verby die punt van omdraai toe die weer skielik versleg en digte mis na alle kante sy uitsig belemmer het. Om hom geheel en al op die instrumente in die vliegkajuit te verlaat was vir hom 'n nuwe ervaring en daarom was hy maar redelik benoud.

Wat hierdie jong vlieënier die meeste gepla het was die landing wat voorgelê het by die bestemde lughawe waar hy nog nooit geland het nie en wat terselfde tyd 'n baie besige lughawe was. Ek weet nie jy nie maar ek dink ek sou regtig begin dink het daaraan om noodseine uit te stuur (as ek sou onthou het hóé).

Wat hierdie jongman die meeste gehelp het was die wat sy vlieginstrukteur hom geleer het nl ken die reëlboek en vliegplan en hou daarby. Redelik koelkop het hy gedoen wat in die reëlboek gestaan het en wat hy gememoriseer het. Toe doen hy die wyse ding en vat die radio in die hand en praat met die beheertoring. Wat hy vir hul sê was belangrik!


“ ek is 'n nuwe vlieënier wat die reëlboek ken, maar ek is nie ge oefen om te land in mistige weer nie kan julle my asb bystaan?” “ons sal, volg net ons instruksies!”. Die veilige landing was in die persoon se hande in die beheertoring. Hy moes op sy vliegopleiding en die stem vertrou in die beheertoring. Vir 30 minute het die kalm stem hom deur die digte mis gelei en gehelp om veilig te land.

Ons wil in 2013 nog meer geestelik groei, meer soos Jesus word, vir die Heer werklik tot diens wees in hierdie stukkende wêreld en in ons daaglikse lewe naby Hom leef. Ja ons wil hoog vlieg vir ons Heer! Om in hierdie geestelike en daaglikse vlug suksesvol te wees moet ons in kontak bly met

Na bl. 2 ➔

die beheertoring (gebedskontak) en ons vlughandleiding (die Bybel) goed bestudeer en gehoorsaam. Hoor wat sê Jesus self: **as julle aan my verbind bly en my woorde 'n stewige vastrapplek in julle gekry het, vra dan net wat jul wil hê...dit is juis hierin dat my Vader verheerlik word dat julle baie vrugte oplewer en my dissipels is (Joh 15:7,8)**

Kom ons leef met ons oor naby God se mond (Bybel) en met ons mond naby God se oor (gebed)! So sal ons geestelike groei en hoog vlieg saam met die Here.



ds Leon van Heerden

!! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ **10 Feb:** Gemeente-tee
- ◆ **24 Feb:** Beloftediens (Doop)

Sien jou daar!



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

GRATIS - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!

Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

QCR LEGAL SERVICES

Volgende Dienste Beskikbaar:

Verwysing na Ombudsman, Egskeidings, Invorderings, Arbeids Dispute, Onderhouds sake, Skuld Berading, Hof vir Klein Eise; HIV Berading(Gratis).

Kontak Quinton: 012 335 2354 / 079 923 9422



MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



VILLIERIA KLEUTERAKADEMIE



24ste Laan, 610
2 jaar tot Graad R
Gekwalifiseerde & Ervare Personeel

Kontrak Jeneane Williams @ 079 522 5348 / vkleuterakademie@gmail.com



Taakspan vir Kommunikasie

deur Christus-liefde gee ons vir almal om



Kommunikasie na binne, na buite, na almal

Gedurende April 2012 is die Taakspan vir Media en Reklame tot ruste gelê en die nuwe Taakspan vir Kommunikasie is gevorm. Ons is verantwoordelik vir media, reklame en kommunikasie na binne en na buite die gemeente.

Ons Visie:

deur Christus-liefde gee ons vir almal om:

- ons gee om vir mekaar (groei in dissipelskap);
- ons gee om vir nog-nie-gelowiges (getuig met oog op redding);
- ons gee om vir noodlydendes (gee onself deur liefdesdade).

Ons Missie:

Die implementering, uitvoering en instandhouding van effektiewe kommunikasie ter uitlewing van die gemeente visie.

Ons Slagspreuk:

Kommunikasie na binne, na buite, na almal (sien ook bo vir ons logo).

Ons behartig tans:

- Skerm vertoning tydens Sondag eredienste;
- Die Riet (maandelikse elektroniese nuusbrief), Die Rietfluit (maandblad);
- Webwerf, Facebook en Twitter;
- Video en klank opnames en publisering op CD en DVD;
- Kennisgewingbord op die hoek;
- Gemeente en Gebedskalenders;
- Karnaval reklame.

Indien jy jou kreatiwiteit wil uitleef in die media en kommunikasie wêreld en saam met ons 'n dinamiese verskil wil begin maak, kontak asseblief:

Casper Erasmus by 076 999 7603 of stuur 'n e-pos na

kommunikasie@rietfontein-suid.ng.org.za.

STAAN JY IN 'N PERSOONLIKE VERHOUDING MET JESUS CHRISTUS, OF BEOEFEN JY MAAR NET 'N GODSDIENSTIGE RITUEEL?

As ons die Here nie waarlik ken nie, is ons sogenoemde Christenskap niks meer as enige van die ander leringe of dogmas wat mense nastreef nie.

Pandita Ramadai, die bekende Christenleier van India, het gesê dat sy vanaf haar kinderjare die Hindu geloof nagestreef het tot en met die tyd wat sy getrou het. Hierdie godsdienste het haar egter nooit bevredig nie.

Eendag het sy iemand oor Christenskap hoor praat, en sy het dadelik geweet dat dit eintlik was wat sy nodig gehad het. Dit was wat die honger van haar siel sou kon bevredig. Sy besluit toe om die Christene se boodskap aan te neem - maar as 'n godsdienst wat haar Hindu geloof vervang, nie as 'n lewensondervinding en -verandering nie. Dit was liever 'n dogma wat sy sou volg en gehoorsaam.

Sy het die vereistes nagekom om deel van 'n kerk te wees en is toe ook aangeneem. Sy het na Engeland verhuis en het vir agt jaar lank 'n kerk daar bygewoon. Sy was deur almal gesien as 'n opregte Christen wie se lewe 'n voorbeeld vir ander gestel het.

Tog getuig sy dat sy 'n groot fout begaan het . Haar belewenis was slegs 'n stuk godsdienste, en nie God self nie.

Sy getuig dat sy op daardie stadium nog 'n ongeredde sondaar was, op pad hel toe. **Die diens van die woord "godsdienste" was die kern van haar lewe, maar die God van die woord "godsdienste" was 'n vreemdeling vir haar. Sy het nooit die Here Jesus aangeneem as haar persoonlike Here en Saligmaker nie!**

Eendag, in 'n oomblik, het haar hele lewe verander. Sy het die Here as Verlosser aangeneem, geweet haar sondes is vergewe en haar lewe het heeltemal verander met die blywende wete dat sy waarlik 'n kind van die Here

>> Na bladsy 4



is, nie net godsdienstig nie (lees Johannes 3:3 - jy moet "opnuut gebore", of "weergebore" wees).

Broer, suster, Jongmens: Noem jy jousef Christen omdat jy kerkdienste bywoon en 'n mooi lewe probeer lei, maar eintlik is dit net 'n stuk godsdienstige ritueel?

Of noem jy jousef Christen/kind van God omdat jy Jesus as jou verlosser aangeneem het? Joh 1:12 sê: "Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word". Praat gerus met iemand as jy enigsins wonder of sukkel met geloofsekerheid.

Groete

**1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God
Drie-enig**

Leon Tait



TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

VISIE: Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



**"Here, U is ons lewe, U sorg vir ons.
Wat ons ontvang, kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir ons afgemeet,
ja, wat ons ontvang het,
is vir ons mooi" – Psalm 16: 5-6**

Bogenoemde gedeelte uit die Psalms vul 'n mens se hele wese met algehele dankbaarheid teenoor ons Skepper. Hoe bevoorreg is ons as Sy kinders om so kosbaar vir Hom te wees.

Daarom is dit so gepas om as Gemeente 2013 af te skop met 'n Omgeenaweek waarvan ons as Omgeegroepes deel kan wees. Die geleentheid te gebruik om:

- Saam te kuier (interaksie met mekaar te geniet);
- Mekaar as gemeentelid beter te leer ken;
- Pret te hê;
- Samesyn te bevorder;
- Mekaar te bemoedig en hoop te skep vir 2013.

Mag ons as Omgeegroepes weereens hierdie jaar benut om Sy lig na mekaar en ander uit te dra met entoesiasme. Elke ervaring vir ons terselfdertyd opbouend sal wees en ons gees voed.

Ons sien almal daarna uit om die Here met oorgawe te dien en Sy Koningryk uit te brei tot Sy eer en verheerliking. Omgeegroepes is een van die ideale skakels om daarna te strew.

**"BERGE KAN PADGEE, HEUWELS KAN WANKEL, MAAR MY LIEFDE VIR JOU
SAL NOOIT VERDWIN NIE, SÊ DIE HERE, WAT JOU LIEFHET.**

Jesaja 54 : 10

**Indien jy betrokke wil raak in 'n Omgeegroep, kontak asseblief:
Liezal Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591**

c'nannu eiendom

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015

